Kontekstuele uitdagings en Bybelse rigtingwysers

Coenie Burger

Cas Wepener

Dié artikel is die eerste van 'n reeks van drie oor die amp van die predikant. Dit is 'n bondige samevatting van enkele bevindings van uitgebreide navorsing wat by Buvton oor die amp van die predikant gedoen is.

Cas Wepener en Coenie Burger

In dié eerste artikel word die probleem vanuit ons hedendaagse konteks beskryf en enkele voorlopige rigtingwysers vanuit die Bybel aangestip. In die tweede artikel hieroor sal gewys word op dit wat die Gereformeerde tradisie as die kern van die amp van die predikant (ge)sien (het), asook nuwe beklemtonings oor hierdie onderwerp in die teologie vandag. In die derde deel sal Coenie Burger 'n nuwe verstaan van hierdie saak rondom die tradisionele drie-ampteleer (koning, priester en profeet) aanbied.

Daar bestaan vandag heelwat onduidelikheid oor die kern-identiteit van die predikantsamp. By baie lidmate en predikante is daar 'n onsekerheid oor presies wat van die predikant(e) in die gemeente verwag word. Dit wil soms voorkom asof hierdie onduidelikheid nie vroeër bestaan het nie – asof die meeste predikante toe presies geweet het wat hulle werk behels en dit so gedoen het. Vandag het baie van hierdie sekerhede egter vervaag.

... dat 'n roeping 'n beroep geword het.

Sommer so uit die vuis uit kan verskeie redes wat almal 'n sekere invloed op die huidige onsekerheid het, aangevoer word. Hier kan gedink word aan die skuif vanaf Christendom na 'n post-Christendom era en die verskillende soorte leiers wat in elk van hierdie eras benodig word; die bedienings wat benodig word vir die verskillende generasies binne een gemeente; die grootte van gemeentes en aantal predikante wat in gemeentes is; plaaslike skuiwe in Suid-Afrika oor die laaste dekade en die koms van 'n liberale demokrasie wat nie meer enige spesiale voorregte aan die Christelike geloof bied nie asook groter ekumeniese samewerking wat sekere vaardighede van predikante vereis.

Dit is binne hierdie konteks (wat baie voorlopig geskets is, want die situasie is uiteraard veel meer kompleks) wat predikante gemeentes moet lei om hul roeping in die wêreld en Suid-Afrika vandag uit te leef. Dis egter van waarde om hier 'n bietjie dieper te kyk na die skuiwe wat ingetree het. Daar bestaan 'n identiteitskrisis by predikante wat nou saamhang met 'n sekere verstaan van roeping. Die roeping van 'n predikant word al meer in dieselfde kategorie as enige ander roeping geplaas. Die gevolg is dat predikante kerklike funksionarisse met bepaalde funksies word en as sodanig gehuur en ontslaan kan word. Daar is

min oor van 'n dieper, groter roepingsbesef, met die gevolg dat 'n roeping 'n beroep geword het. Ook sekularisasie het onder andere veroorsaak dat die kerk die bestuursbeginsels van die sekulêre wêreld aangeneem het, wat 'n direkte invloed het op die roeping van predikante. Die lyn tussen die taak van 'n predikant en dié van 'n bestuurder van 'n besigheid, vervaag sodoende. 'n Verdere punt is die feit dat predikante se werk versnipper word in 'n veelheid van kleiner stukkies. So 'n versnippering het weer die verlies van 'n spesifieke fokus of kern tot gevolg.

Hierdie professionalisering en versnippering van die amp het 'n identiteitsverlies en verandering in roepingsbesef tot gevolg. Beide is sake wat 'n meerkantige oplossing vereis wat sake soos spiritualiteit, roeping, persoonsgroei, insig in ekklesiologie, bedieningsvaardighede en teologiese en kontekstuele insig insluit. 'n Voorstel van 'n model in hierdie verband sal in die derde artikel in hierdie reeks aangebied word. In dié artikel gaan ons eers net na die Bybel met die vraag: *Wat kan wél oor ware Bybelse leierskap gesê word?*

Mense ervaar dikwels dat hulle met dringende vrae na die Bybel kom in die hoop om duidelike, onomwonde antwoorde te kry, maar dat hulle dan nié die antwoorde kry wat hulle gehoop het hulle daar sal vind nie. Dit kan ook met 'n mens gebeur as jy na die Bybel kom met die hoop om duidelike aanwysings te kry oor wat predikant-wees presies beteken. Indien 'n mens 'n klinkklare omskrywing soek van watter tipe leiers daar in gemeentes behoort te wees en presies wat elkeen se taak is, kan jy redelik bedroë daarvan afkom. Daar kan meer as een rede wees hiervoor. Dit kan wees dat ons spesifieke goed in die Skrif soek en dit daar net so wil hoor, net om teleurgesteld te wees as ons dit nie kry nie. Ons oortuiging is egter dat dit om meer as dit gaan. Soms word ook eerlike soekers teleurgestel deurdat die antwoorde net nie so duidelik is as wat ons sou wou hê dit moet in die Bybel staan nie. Verskeie Nuwe Testamentici is van mening dat dit baie gevaarlik is om op Bybelse outoriteit aanspraak te maak vir een spesifieke patroon aangaande die ampte in die Nuwe Testament. Verder word daar ook geglo dat die Bybel heelwat sake rakende leierskap gewoon verswyg. Dit is dus belangrik om die regte vrae te vra, want oor sekere sake is die Bybel wel glashelder. Hier kan ons ses sulke konstantes uitsonder:

- **Leierskap** is dwarsdeur die Bybel baie belangrik.
- Spesifieke soorte leiers word benodig vir spesifieke **situasies**.
- Die verbintenis aan en fokus op God is uiters belangrik in die diens van die amp. Dis deurgaans die sjibbolet vir ware Bybelse leierskap. Dit gaan hier om gedrag wat vanuit die **geloof** gemodelleer is op Jesus Christus, dié Dienskneg by uitnemendheid, en nie op sondeloosheid nie.
- Nou gekoppel aan leiers se verbintenis aan God, is dat leiers God se patos en hart moet verstaan. Hierdie konstante kan getipeer word as 'n gelyktydigheid van **swakte en krag**. Leiers in die Bybel, veral in die Nuwe Testament waar die verheerlikte Christus deur hulle bedien word, word gekenmerk deur 'n oënskynlike swak-sterk paradoks. Net soos Jesus Christus se krag van sy opstanding juis geleë is in die feit dat Hy dit via Golgota gekry het, net so merk die verheerlikte Christus die kern-identiteit van die amp van die predikant.
- Leierskap setel verder selde in die Bybel net in een persoon. Dikwels, alhoewel nie altyd nie, word **meer as een leier** vereis, veral as die situasie meer kompleks begin raak.

Hierdie voorafgaande punte is baie voorlopig, maar waarskynlik nader aan 'n Bybelse perspektief op die saak as wat 'n rekonstruksie van 'n siening van leierskap vanuit een Bybelboek sal wees. Hoe dit ookal sy, daar bestaan enkele konstantes aangaande Bybelse leierskap wat waar is in elke konteks. In die geskiedenis van kerke met 'n Gereformeerde belydenis was die roeping en taak van predikante altyd met groot erns deurdink. In die nadenke hieroor en in die uitleef van die nadenke kan daar sekere konstantes of 'n Gereformeerde kern aangaande die amp van die predikant geformuleer word. Hierop sal in 'n volgende artikel ingegaan word, asook op nuwere ontwikkelings in die teologie rakende hierdie saak. Die oogmerk is om uiteindelik 'n Skrifgetroue model wat in lyn is met die Gereformeerde tradisie, aan te bied waarbinne die amp van die predikant in ons huidige konteks verstaan kan word.